

'n Resultaat van een van die Wagners se deurdagte besluite is hierdie spog Charolais gekruis met 'n Boran wat meer as sy geld werd vir die gesin beteken.

Liefde met eerste oogopslag

HELENE BOTHA

NICO Wagner en sy pa Willem is bekende Charolais-telers en Nico wou graag sien hoe sy Wilnick Charolais die Boran kon komplimenteer.

Nico het 'n groepie van sy top Charolais koeie gekies en met Boransmene geinsemineer. Sy einddoel is 'n kruisras wat sal bestaan uit 5/8 Charolais en 3/8 Boran. Die eerste F2, (tweede generasie) kalf is al gebore.

Hy sien al reeds goeie resultate van sy proef.

Die kalwers groei goed, vertoon meer bespiering, en ander goeie eienskappe van biede rasse. Hy wil graag die beste van altwee rasse vaslê: groei, uitstekende voeromset en karkaseienskappe, vroeër rypheid, gehardheid en aanpasaarheid. Daarmee saam is besondere basterkrag ter sprake omdat die twee rasse geneties so ver van mekaar verskil.

Die kruiskalwers steek nie af teen die suiwer Charolais nie. Hulle het reeds bewys dat hulle altyd in uitstekende kondisie is, en baie gou vet word.

Die troppie is maklik hanteerbaar, en vertoon reeds die Boran se goeie tropeienskappe.

Die eksperiment vorder fluks en vele oe is op die uitkoms gerug. Die interessante Afrikaras, die Boran, trek deesdae baie aandag en party beesboere sal selfs so ver gaan as om dit as 'n modegier te bestempel.

Maar hoe mens ookal oor die Boran voel, kan die goeie eienskappe, genetiese uniekheid en aanpasbaarheid van die ras nie oor die hoof gesien word nie.

Die Boran is 'n ras uit Afrika vir Afrika wat hitte- en parasiet- bestand is, met ongelooflike tropinstinkte en uitstekende moedereienskappe.

Dis 'n gemaklike, hanteerbare bees met min moeite, vertel die wat hulle ken. Dis die rede waarom Nico Wagner besluit het om met hierdie ras te eksperimenteer.